# Sjinese Nuwe Jaar

## Wat is Sjinese Nuwe Jaar?

Sjinese nuwe jaar word elke jaar deur miljoene Sjinese mense gevier en is die langste en belangrikste vakansie vir Asiatiese lande, soos Sjina, die Filippyne, Singapoer en Maleisië. Dit het ook 'n baie gewilde viering vir mense regoor die wêreld geword met baie wat hul plaaslike 'Chinatown' besoek om aan die feestelikhede deel te neem.

Sjinese Nuwe Jaar gebeur nie op dieselfde dag as wat jy  nuwe jaar (Januarie 1ste) ken nie. Dit val gewoonlik iewers tussen 21ste Januarie en die 19de Februarie.


## Vieringe

Daar is sekere tradisies wat baie waarskynlik tydens 'n Sjinese Nuwe Jaar viering sal voorkom. Hier is net 'n paar:

**Rooi Koevert:** Die kleur rooi is vir die Sjinese baie gelukkig omdat dit vir fortuin, goeie geluk en vreugde staan. Mense gee mekaar geld in klein, versierde rooi koeverte. Dit is gewoonlik ouer mense wat dit vir jonger mense in ewe getal hoeveelhedes gee.

**Vuurwerke:** Klappers word gewoonlik van baie rooi papierrolle, wat saamgespan is, gemaak. Wanneer dit aangesteek word ontplof hulle baie vinnig, een na die ander en maak harde plof geluide, asook 'n wolk van rooi stukkies papier in die lug. Hulle is egter baie gevaarlik en is in baie lande, behalwe vir 'n paar dorpe in Sjina, verban.

**Leeu en Draak Danse:** Hierdie danse word dikwels deur professionele akrobate onder die leeu- en draak-kostuums uitgevoer. Harde musiek, bestaande uit tromme en simbale, word ook gespeel om die bose geeste en ongeluk weg te jaag. Die draak dans is dikwels die hoogtepunt van 'n parade in 'n 'Chinatown' en mense kom van ver om die manjifieke toneel te sien!



**Skoonmaak en Betaal Skuld:** Daar word geglo dat huis skoon maak die slegte ongeluk van die ou jaar weg sal vee en enige geld moet terug betaal word aan enigiemand aan wie dit verskuldig is.

**Kos en Familie:** Kos is hierdie tyd van die jaar baie belangrik. Hoender en garnale verteenwoordig geluk, terwyl noedels lang lewe verteenwoordig. Kluitjies word ook geëet. Soos met Kersfees kom vriende en familie almal bymekaar om saam te eet en mekaar se geselskap te geniet.

## Legende

Daar word gesê dat Sjinese Nuwe Jaar 'n baie lank tyd gelede begin het toe die Sjinese mense deur 'n vreemde dier, genaamd die 'Nian' gejaag was. Die Nian sou hulle elke nuwe jaar besoek om al hul diere, gewasse en selfs mense op te vreet!

Die dorpenaars het bang en angstig kos buite hul huise vir die Nian gelos, in die hoop dat dit hulle sou uitlos sodra dit gevoer was.

Op 'n dag het die dorpenaars opgemerk dat die Nian bang was vir 'n klein kind wat die kleur rooi gedra het. Vanaf daardie dag af was rooi lanterns, klappers en papierrolle gebruik om die Nian af te skrik en dit het nooit weer terug gekom nie!

Die Sjinese sterreteken en sy twaalf diere is aan sekere jare van die maan kalender verbind. 2017 was die jaar van die haan en 2018 sal die jaar van die hond wees.

In 'n baie bekende legende het hierdie diere bymekaar gekom om aan 'n resies deel te neem deur 'n rivier te oorkruis. Die rot het die resies gewen deur kroekery en mense wat in hierdie jaar gebore is, is gesê om baie slim te wees.

Van eerste tot laaste soos die diere in hierdie volgorde klaargemaak het: rot, os, tier, haas, draak, slang, perd, bok, aap, haan, hond en vark.

## Jou Vieringe

Dit is baie waarskynlik dat jou plaaslike gemeenskap 'n soortgelyke viering vir Sjinese Nuwe Jaar gaan hou. Het jy al ooit na 'n drake dans gekyk? Indien nie, dink jy jy sal hierdie jaar?



# Vrae

Gebruik die gegewe inligting en beantwoord hierdie vrae.
Onthou om in vol sinne te skryf en probeer om jou eie woorde te gebruik.

1. Wie vier Sjinese Nuwe Jaar?
2. Wanneer word Sjinese Nuwe Jaar gevier?
3. Lys drie tradisies van Sjinese Nuwe Jaar.
4. Hoekom dink jou hou mense daarvan om skuld voor die nuwe jaar terug te betaal?
5. Wat het die dorpenaars gedoen om Nian te keer?
6. Hoeveel diere word daar geglo het al aan die resies deelgeneem?
7. Wat is hierdie jaar die jaar van?

# Antwoorde

1. Wie vier Sjinese Nuwe Jaar?
   **Sjinese Nuwe Jaar word elke jaar deur miljoene Sjinese mense gevier. Dit het ook 'n baie gewilde viering vir mense dwarsoor die wêreld geword.**

2. Wanneer word Sjinese Nuwe Jaar gevier?
   **Sjinese Nuwe Jaar van gewoonlik iewers tussen die 21ste Januarie en die 19de Februarie.**

3. Lys drie tradisies van Sjinese Nuwe Jaar.
   **Verskeie antwoorde insluitende drie van die volgende: mense gee vir mekaar geld in klein, versierde rooi koeverte, klappers word aangesteek, leeu of draak danse word uitgevoer, mense maak hul huise skoon, mense betaal al hul skuld voor die begin van die nuwe jaar, sekere kosse soos hoender, kluitjies en garnale word geëet, familie en vriende kom bymekaar of baie mense besoek hul plaaslike Sjinese mark om deel te neem in die feestyd.**

4. Hoekom dink jou hou mense daarvan om skuld voor die nuwe jaar terug te betaal?
   **Verskeie antwoorde.**

5. Wat het die dorpenaars gedoen om Nian te keer?
   **Die dorpenaars het opgemerk dat Nian bang was vir die kleur rooi. Van daardie dag af was rooi lanterns, klappers en boekrolle gebruik om die Nian weg te jaag en dit het nooit weer teruggekeer nie!**

6. Hoeveel diere word daar geglo het al aan die resies deelgeneem?
   **Daar word geglo dat 12 diere aan die resies deelgeneem het.**

7. Wat is hierdie jaar die jaar van?
   **2017 is die jaar van die haan.**

# Sjinese Nuwe Jaar

## Wat is Sjinese Nuwe Jaar?

Sjinese Nuwe Jaar word elke jaar deur miljoene Sjinese mense gevier. Dit het nou inteendeel 'n baie gewilde gebeurtenis vir mense van alle kulture en rasse geword. Baie gemeenskappe stroom na hul plaaslike 'Chinatown' om die vreugdevolle feestyd te aanskou en dit is die langste en belangrikste vakansie vir baie Asiatiese lande soos Sjina, die Filippyne, Singapoer en Maleisië.

Sjinese Nuwe Jaar val nie op dieselfde dag as die Western Nuwejaarsdag nie. Dit is omdat dit volgens die eerste dag van die Sjinese maan kalender uitgewerk word, wat beteken dat die jaar deur die bewegings van die son en maan uitgewerk word. Die viering val tussen 21ste Januarie en die 19de Februarie.

## Vieringe

Daar is sekere tradisies wat baie waarskynlik by 'n Sjinese Nuwejaarsviering sal voorkom. Hier is net 'n paar:

**Rooi Koevert:** Die kleur rooi is baie gelukkig vir die Sjinese, omdat dit fortuin, goeie geluk en vreugde simboliseer. Mense gee mekaar geld in klein, versierde rooi koeverte. Dit is gewoonlik ouer mense wat dit vir die jonges in ewe getal hoeveelhede gee.

**Vuurwerke:** Vuurwerke is tradisioneel van baie rooi papierrolle, wat saam gespan is, gemaak. Wanneer dit aangesteek word, ontplof hulle baie vinnig, een na die ander en maak harde plof geluide, asook 'n wolk van rooi papierstukkies in die lug. Hulle is egter baie gevaarlik en is al in baie lande, behalwe sommige landelike dorpe in Sjina, verban.

**Leeu en Draak Danse:** Hierdie danse word dikwels deur professionele akrobate onder die leeu- en draakkostuums uitgevoer. Die dans word met harde musiek uit tromme en simbale vergesel, om die bose geeste en ongeluk weg te jaag. Die draak dans is dikwels die hoogtepunt van 'n parade in 'n 'Chinatown' en mense kom van ver om die manjifieke skouspel te sien!

**Skoonmaak en Betaal Skuld:** Daar word geglo dat huis skoon maak die slegte ongeluk van die ou jaar weg sal vee en enige geld moet terug betaal word aan enigiemand aan wie dit verskuldig is.

**Kos en Familie:** Kos is hierdie tyd van die jaar baie belangrik. Hoender en garnale verteenwoordig geluk, terwyl noedels lang lewe verteenwoordig. Kluitjies word ook geëet. Soos met Kersfees kom vriende en familie almal bymekaar om saam te eet en mekaar se geselskap te geniet.


besoek twinkl.co.za

## Legende

Daar word gesê dat Sjinese Nuwe Jaar 'n baie lank tyd gelede begin het toe die Sjinese mense deur 'n vreemde dier, genaamd die 'Nian' gejaag was. Die Nian sou hulle elke nuwe jaar besoek om al hul diere, gewasse en selfs mense op te vreet!

Die dorpenaars het bang en angstig kos buite hul huise vir die Nian gelos, in die hoop dat dit hulle sou uitlos sodra dit gevoer was.

Op 'n dag het die dorpenaars opgemerk dat die Nian bang was vir 'n klein kind wat die kleur rooi gedra het. Vanaf daardie dag af was rooi lanterns, klappers en papierrolle gebruik om die Nian af te skrik en dit het nooit weer terug gekom nie!

Die Sjinese sterreteken en sy twaalf diere is aan sekere jare van die maan kalender verbind. 2017 was die jaar van die haan en 2018 sal die jaar van die hond wees.

In 'n baie bekende legende het hierdie diere bymekaar gekom om aan 'n resies deel te neem deur 'n rivier te oorkruis. Die rot het die resies gewen deur kroekery en mense wat in hierdie jaar gebore is, is gesê om baie slim te wees.

Van eerste tot laaste soos die diere in hierdie volgorde klaargemaak het: rot, os, tier, haas, draak, slang, perd, bok, aap, haan, hond en vark.

## Jou Vieringe

Dit is baie waarskynlik dat jou plaaslike gemeenskap 'n soortgelyke viering vir Sjinese Nuwe Jaar gaan hou. Het jy al ooit na 'n drake dans gekyk? Indien nie, dink jy jy sal hierdie jaar?



# Vrae

Gebruik die gegewe inligting en beantwoord hierdie vrae.
Onthou om in vol sinne te skryf en probeer om jou eie woorde te gebruik.

1. Wie vier Sjinese Nuwe Jaar?

2. Hoekom is Sjinese Nuwe Jaar nie op dieselfde dag as die Westerse nuwe jaar nie?

3. Lys drie tradisies van Sjinese Nuwe Jaar.

4. Hoekom dink jy word vuurwerke vir Sjinese Nuwejaarsvieringe gebruik?

5. Wat dink jy is die hoof gebeurtenis in 'n Sjinese Nuwejaarsparade?

6. Hoekom dink jy hou mense daarvan om hul skuld voor die nuwe jaar af te betaal?

7. Hoe het die Sjinese Nuwe Jaar vieringe begin?

# Antwoorde

1. Wie vier Sjinese Nuwe Jaar?
   **Sjinese nuwe jaar word elke jaar deur miljoene Sjinese mense gevier. Dit het nou inteendeel 'n baie gewilde gebeurtenis vir mense van alle kulture en rasse geword.**
2. Hoekom is Sjinese Nuwe Jaar nie op dieselfde dag as die Westerse nuwe jaar nie?
   **Sjinese nuwe jaar is nie op dieselfde dag as die Westerse nuwe jaar nie, omdat dit volgens die eerste dag van die Sjinese maankalender uitgewerk word. Dit beteken dat die jaar bepaal word deur die bewegings van die son en maan.**
3. Lys drie tradisies van Sjinese Nuwe Jaar.
   **Verskeie antwoorde insluitende drie van die volgende: mense gee vir mekaar geld in klein, versierde rooi koeverte, klappers word aangesteek, leeu of draak danse word uitgevoer, mense maak hul huise skoon, mense betaal al hul skuld voor die begin van die nuwe jaar, sekere kosse soos hoender, kluitjies en garnale word geëet, familie en vriende kom bymekaar of baie mense besoek hul plaaslike Sjinese mark om deel te neem in die feestyd.**
4. Hoekom dink jy word vuurwerke vir Sjinese Nuwe Jaar vieringe gebruik?
   **Verskeie antwoorde.**
5. Wat dink jy is die hoof gebeurtenis in 'n Sjinese Nuwejaarsparade?
   **Die leeu en draak danse is dikwels die hoogtepunt van 'n Sjinese Nuwejaarsparade.**
6. Hoekom dink jy hou mense daarvan om hul skuld voor die nuwe jaar af te betaal?
   **Verskeie antwoorde.**
7. Hoe het die Sjinese Nuwejaarsvieringe begin?
   **Daar word gesê dat Sjinese nuwe jaar in antieke tye begin het toe die Sjinese mense deur 'n mitiese dier genaamd die 'Nian' gejag was. Die Nian sou elke Nuwejaarsdag kom besoek het om al hul vee, gewasse en selfs mense op te vreet!**

# Sjinese Nuwe Jaar

## Wat is Sjinese Nuwe Jaar?

Sjinese Nuwe Jaar word elke jaar deur miljoene Sjinese mense gevier. Dit het nou 'n baie gewilde gebeurtenis vir mense van alle kulture en rasse geword. Baie gemeenskappe gaan na hul plaaslike 'Chinatown' om die vreugdevolle feestyd te sien en dit is die langste en belangrikste vakansie vir baie Asiatiese lande soos Sjina, die Filippyne, Singapoer en Maleisië. Sjinese Nuwe Jaar gebeur nie op dieselfde dag as die Westerse Nuwejaarsdag nie.

Dit is omdat dit volgens die eerste dag van die Sjinese maan kalender uitgewerk word, wat beteken dat die jaar volgens die bewegings van die son en maan bepaal word. Die viering val tussen 21ste Januarie en die 19de Februarie.

## Vieringe

Daar is sekere tradisies wat baie waarskynlik by 'n Sjinese Nuwe Jaar viering sal voorkom. Hier is net 'n paar:

**Rooi Koevert:** Die kleur rooi is 'n baie gelukkige kleur vir die Sjinese, omdat dit fortuin, goeie geluk en vreugde simboliseer. Mense gee vir mekaar geld in klein, versierde rooi koeverte. Dit is gewoonlik ouer mense wat dit vir die jonges in hoeveelhede van ewe getalle gee. Die Sjinese dink dat ewe getalle gelukkiger as onewe getalle is, maar selfs die ewe getal 4 word ook as ongelukkig gesien.

**Vuurwerke:** Vuurwerke is tradisioneel van baie rooi papierrolle, wat saam gespan is, gemaak. Wanneer dit aangesteek word, ontplof hulle baie vinnig, een na die ander en maak harde plof geluide, asook 'n wolk van rooi papierstukkies in die lug. Hulle is egter baie gevaarlik en is al in baie lande, behalwe sommige landelike dorpe in Sjina, verban.

**Leeu en Draak Danse:** Hierdie danse word dikwels deur professionele akrobate onder die leeu- en draakkostuums uitgevoer. Die dans word met harde musiek uit tromme en simbale vergesel, om die bose geeste en ongeluk weg te jaag. Die draak dans is dikwels die hoogtepunt van 'n parade in 'n 'Chinatown' en mense kom van ver om die manjifieke skouspel te sien!

**Skoonmaak en Betaal Skuld:** Daar word geglo dat huis skoon maak die slegte ongeluk van die ou jaar weg sal vee en enige geld moet terug betaal word aan enigiemand aan wie dit verskuldig is.

**Kos en Familie:** Kos is hierdie tyd van die jaar baie belangrik. Hoender en garnale verteenwoordig geluk, terwyl noedels lang lewe verteenwoordig. Kluitjies word ook geëet. Soos met Kersfees kom vriende en familie almal bymekaar om saam te eet en mekaar se geselskap te geniet.


twinkl Quality Standard Approved

## Legende

Daar word gesê dat Sjinese Nuwe Jaar 'n baie lank tyd gelede begin het toe die Sjinese mense deur 'n vreemde dier, genaamd die 'Nian' gejaag was. Die Nian sou hulle elke nuwe jaar besoek om al hul diere, gewasse en selfs mense op te vreet!

Die dorpenaars het bang en angstig kos buite hul huise vir die Nian gelos, in die hoop dat dit hulle sou uitlos sodra dit gevoer was.

Op 'n dag het die dorpenaars opgemerk dat die Nian bang was vir 'n klein kind wat die kleur rooi gedra het. Vanaf daardie dag af was rooi lanterns, klappers en papierrolle gebruik om die Nian af te skrik en dit het nooit weer terug gekom nie!

Die Sjinese sterreteken en sy twaalf diere is aan sekere jare van die maan kalender verbind. 2017 was die jaar van die haan en 2018 sal die jaar van die hond wees.

In 'n baie bekende legende het hierdie diere bymekaar gekom om aan 'n resies deel te neem deur 'n rivier te oorkruis. Die rot het die resies gewen deur kroekery en mense wat in hierdie jaar gebore is, is gesê om baie slim te wees.

Van eerste tot laaste soos die diere in hierdie volgorde klaargemaak het: rot, os, tier, haas, draak, slang, perd, bok, aap, haan, hond en vark.

## Jou Vieringe

Dit is baie waarskynlik dat jou plaaslike gemeenskap 'n soortgelyke viering vir Sjinese Nuwe Jaar gaan hou. Het jy al ooit na 'n drake dans gekyk? Indien nie, dink jy jy sal hierdie jaar?



# Vrae

Gebruik die gegewe inligting en beantwoord hierdie vrae.
Onthou om in vol sinne te skryf en probeer om jou eie woorde te gebruik.

1. Wie vier Sjinese Nuwe Jaar?

2. Hoekom is Sjinese Nuwe Jaar nie op dieselfde dat as die westerse nuwe jaar nie?

3. Watter bewyse kan jy kry wat wys dat rooi 'n besonderse kleur gedurende die tyd van die jaar is?

4. Hoekom dink jy word geld slegs in gelyke hoeveelhede gegee?

5. Watter redes kan jy gee vir leeus en drake wat as die mees gewildste diere gebruik word tydens die Sjinese Nuwe Jaar parade dans, in plaas van ander diere soos hase, bokke of rotte?

6. Hoekom dink jy hou mense daarvan om hul skuld voor die nuwe jaar af te betaal?

7. Wat is 'n legende?

# Vrae

8. Verduidelik kortliks hoe die Sjinese Nuwe Jaar vieringe begin het.

9. Wat gaan hierdie jaar die jaar van wees? Wat van volgende jaar? Wat van die jaar 2023?

10. In watter diere jaar was jy gebore? Watter persoonlikheidskenmerke het mense wat in hierdie jaar gebore is?

# Antwoorde

1. Wie vier Sjinese Nuwe Jaar?
   **Sinese nuwe jaar word elke jaar deur miljoene Sjinese mense gevier. Dit het nou ‘n baie gewilde gebeurtenis vir mense van alle kulture en rasse begin word.**

2. Hoekom is Sjinese Nuwe Jaar nie op dieselfde dat as die westerse nuwe jaar nie?
   **Sjinese Nuwe Jaar is nie op dieselfde dag as die westerse nuwe jaarsdag nie, omdat dit volgens die eerste dag van die Sjinese maan kalender uitgewerk word. Dit beteken dat die jaar deur die bewegings van die son en maan bepaal word.**

3. Watter bewyse kan jy kry wat wys dat rooi ‘n besonderse kleur gedurende die tyd van die jaar is?
   **Die kleur rooi is baie gelukkig vir die Sjinese omdat dit fortuin, goeie geluk en vreugde simboliseer. Mense gee mekaar geld in klein, versierde rooi koeverte. Klappers word tradisioneel van baie rooi papier rolle wat saam gespan is gemaak.**

4. Hoekom dink jy word geld slegs in gelyke hoeveelhede gegee?
   **Geld word net in gelyke bedrae gegee, omdat die Sjinese glo dat ewe getalle gelukkiger as onewe getalle is. Tog word die ewe getal 4 ook as ongelukkig gesien.**

5. Watter redes kan jy gee vir leeus en drake wat as die algemene diere gebruik word tydens die Sjinese Nuwe Jaar parade dans, in plaas van ander diere soos hase, bokke of rotte?
   **Leeus en drake is die mees algemeen gebruikte diere as deel van die Sjinese Nuwe Jaar parade dans, omdat hierdie kostuums groter is en meer mense toelaat om in hulle te pas. Leeus en drake is groot, kwaai wesens en hulle jaag bose geeste en ongeluk weg.**

6. Hoekom dink jy hou mense daarvan om hul skuld voor die nuwe jaar af te betaal?
   **Verskeie antwoorde.**

7. Wat is ‘n legende?
   **Verskeie antwoorde.**

8. Verduidelik kortliks hoe die Sjinese Nuwe Jaar vieringe begin het.
   **Daar word gesê dat Sjinese nuwe jaar in antieke tye begin het toe die Sjinese mense deur ‘n mitiese dier, genaamd die ‘Nian’ gejaag was. Die dorpenaars het eendag opgemerk dat die Nian nie bang was vir enigiets behalwe vir ‘n klein kind wat die kleur rooi gedra het nie. Vanaf daardie dag af was rooi lanterns, klappers en papierrolle gebruik om die Nian weg te jaag en dit het nooit weer terug gekom nie.**

9. Wat gaan hierdie jaar die jaar van wees? Wat van volgende jaar? Wat van die jaar 2023?
   **2017 is die jaar van die haan. 2018 sal die jaar van die hond wees. 2023 sal die jaar van die haas wees.**

10. In watter diere jaar was jy gebore? Watter persoonlikheidskenmerke het mense wat in hierdie jaar gebore is?
    **Verskeie antwoorde.**